

MCJ Bobbert

---

# Die verhouding tussen 'n kliënt, sy regsverteenwoordigers en derde partye

## Opsomming

Daar word gekyk na die ontwikkeling van die lasgewingskontrak (*mandatum*) tussen 'n kliënt en sy prokureur sowel as sy advokaat. Die regsfiguur van verteenwoordiging word ook bespreek. Dus vorm lasgewing en agentskap die kern van die kliënt se regsverhoudings met ander persone. In hierdie artikel word daar nie na gewoontes en gebruike verwys nie. Ander kernbegrippe word ook bespreek. Die delegasie van magtiging is egter die sentrale punt gebaseer op konsensuele verhoudings. Daar is twee ooreenkomste waaruit die bedoeling tot skepping van 'n regsverhouding moet blyk naamlik tussen (a) kliënt en prokureur en (b) prokureur en ander partye. 'n Feitestel word gegee aan die hand waarvan die volgende partye se regsverhoudings bespreek word: die kliënt, sy plattelandse prokureur, die stedelike korrespondent, die advokaat en 'n derde party wat die skuldenaar van die kliënt is.

## Privity of contract between a client, his lawyers and third parties

The development of the contract of mandate (*mandatum*) between a client and his attorney as well as his advocate is discussed. Reference is also made to representation. The core of the client's privity of contract with other parties consists of mandate and representation. Customs and usages are not referred to in this article. Other key concepts are also discussed. Delegation of authority is however the focus point and is based on consensual relations. There are two agreements which must show the intention to create privity of contract (a) the mandate between client and attorney and (b) the mandate between the attorney and other parties. A case study is given the facts of which are used to analyse the legal relationship between the following parties: the client, his country and city attorneys, his advocate and also a third party who is a debtor of the client.

*Prof MCJ Bobbert, Buitengewone Professor, Dept Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking; Direkteur: Sentrum vir Voortgesette Regsopleiding en Sentrum vir Regsetiek, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein.*

## 1 Inleiding

Die Romeinse Reg het vier spesifieke kontrakte geken naamlik *contractus re*, *contractus verbis*, *contractus litteris* en *contractus consensu*. Vir doeleindes van hierdie artikel is slegs die vierde kategorie van belang naamlik die konsensuele kontrakte. Daar was vier *contractus consensu* naamlik: *emptio venditio* (die koopkontrak); *locatio conductio* (die huurkontrak); *societas* (vennootskapskontrak) en *mandatum* (die lasgewingskontrak). Vir ons probleemoplossing, is slegs die huurkontrak en lasgewing ter sprake.

Wat die huurkontrak betref, is daar onderskei tussen drie soorte naamlik:

- *locatio conductio rei*: die huur en verhuur van 'n saak
- *locatio conductio operarum*: die huur en verhuur van dienste (*operae*)
- *locatio conductio operis*: aanneming (aanbesteding) van stukwerk d.w.s. die lewering van 'n materiële saak.

Dit is opmerklik dat die *mandatum* in die Romeinse Reg 'n konsensuele ooreenkoms was en dat dit apart gestaan het van die gemelde drie tipe huurkontrakte. Die dienskontrak is deur die Romeinse as 'n verskyningsvorm van die huurkontrak beskou.

Dienste kan op drie maniere gelewer word. Eerstens op die twee wyses van die Romeinse Reg naamlik deur *locatio conductio operarum* (die werknemer lewer dienste onder beheer en gesag van die werkgewer) en deur *locatio conductio operis* (die werknemer is nie onder beheer en gesag nie en lewer slegs die produk van sy arbeid). Die derde vorm is die lewering van besondere dienste ook buite die lasgewer se gesag en toesig. By die *locatio conductio operarum* het ons 'n gewone dienskontrak. Die tweede dienslewering is die aanneming van werk. Die derde besondere dienste is professionele dienste gelewer deur dokters, prokureurs, advokate en andere. Laasgenoemde tipe dienste word kragtens *mandatum* gelewer en daar word ook geen beheer of gesag uitgeoefen nie. Die posisie is dus dat een van die oorspronklike vier *contractus consensu* naamlik *mandatum* by die genoemde twee tipes huurkontrakte (*locatio conductio*) gevoeg is om 'n nuwe gebied en dimensie van dienslewering te skep.

Lasgewing het soos die ander drie konsensuele ooreenkomste op *bona fides* berus en blote wilsooreenstemming was voldoende om lasgewing tot stand te bring. Geen verdere formaliteite was nodig nie. Die lasgewer (*mandator*) het opdrag aan die lashebber (*mandatarius*) gegee om iets gratis namens hom te doen. Die lashebber moes die opdrag aanvaar. Dit is belangrik om daarop te let dat die lashebber nie die lasgewer se verteenwoordiger was nie. Daar was geen regsverhouding tussen die lasgewer en derdes nie. Die verhouding was tussen die lashebber en die derde selfs al was die lashebber se opdrag om 'n verbintenis met 'n derde aan te gaan. Dit was in die lashebber se naam. Hierdie kenmerk word steeds in ons reg weerspieël in die regsverhouding tussen die lasgewer, lashebber en sub-lashebber. Dit bestaan tussen die lasgewer en lashebber; die lashebber en sub-lashebber maar nie tussen die lasgewer en sub-lashebber nie. Hierdie gevolg is belangrik vir die latere afleidings.

In die Romeinse Reg het die volgende stelreël gegeld: *alteri stipulari nemo potest*<sup>1</sup> niemand kan ten behoeve van (of ten voordele van) 'n ander beding (stipuleer) nie. Gevolglik was die regsfiguur van verteenwoordiging nie in die Romeinse Reg bekend nie. Slegs die partye tot 'n regshandeling kon daardeur geraak word en geen derde party nie.<sup>2</sup>

In die prosesreg het daar egter 'n vorm van verteenwoordiging ontstaan waar 'n gedingsparty wel gebruik kon maak van 'n persoon wat namens hom opgetree het nl. 'n *cognitor* of *procurator*. Die *procurator* kon sy kliënt se sake in die algemeen behartig of slegs een enkele saak.<sup>3</sup> 'n Vorm van indirekte verteenwoordiging het ook by *mandatum* voorgekom. Die verbintenis het egter tussen die derde party en die *mandatarius* ontstaan en nie met die *mandator* nie.<sup>4</sup> Selfs in Justinianus se tyd was daar geen sprake van algemene verteenwoordiging nie.

In die Romeins-Hollandse Reg van die sewentiende eeu was dit aanvaar dat iemand by die sluiting van 'n ooreenkoms wel verteenwoordig kon word.<sup>5</sup> Die besonderhede was egter nog nie uitgewerk nie. Verwysings na verteenwoordiging word gewoonlik gevind by die bespreking van die *institor* of *procurator* en ook by *mandatum*. Verteenwoordiging en *mandatum* is dus dikwels met mekaar verwar. Verteenwoordiging is as 'n nuwe-produk van lasgewing gesien.

Wille's Principles sê die volgende in hierdie verband:<sup>6</sup>

The idea of representation in contractual dealings was never fully accepted by the Romans but eventually came to form part of the Roman-Dutch law. Even so, it was not developed to the same extent as the modern principles of commercial agency in England and America, with the result that our courts have been heavily influenced by Anglo-American law in evolving our own law of agency.

In die saak van *Smit v Workmen's Compensation Commission*<sup>7</sup> moes die betekenis van dienskontrak bepaal word. Joubert AR lewer die eenparige uitspraak van die hof. Hy wys daarop dat die Romeinse Reg onderskei het tussen twee spesies van *locatio conductio* naamlik *locatio conductio operarum* en *locatio conductio operis (faciendi)*. Vir ons doeleindes is slegs *locatio conductio operarum* van belang. Dit was die huur en verhuur van persoonlike dienste en het betrekking gehad op ongeskoolde arbeid (*operae illiberales*) wat vatbaar was vir 'n geld waarde.<sup>8</sup> Wat die geskoolde dienste betref, was die situasie soos volg:<sup>9</sup>

---

1 I 3.19.19 en D 45.1.38.17.

2 Van Zyl 1977:263.

3 Ibid:266.

4 Ibid:266.

5 De Wet en Van Wyk 1992:95.

6 Hutchinson en andere 1991:592.

7 1979 1 SA 51 A.

8 Ibid: 56 C-H.

9 Ibid: 56H- 57A.

Intellectual services (*operae liberales*) of certain professional men such as land-surveyors (*agrimensores*), doctors (*medici*), notaries (*notarii*), advocates (*advocati*) etc were, however, not considered to be susceptible of a money valuation and could therefore not be the subject-matter of *locatio conductio operarum*. It became, however, customary for such professional men to obtain fees (*honoraria*) for their services and under the *extra ordinaria cognitio* procedure they could enforce payment of their fees.

In die Romeins-Hollandse Reg was die Hollandse benaming vir dié tipe dienste 'n dienskontrak. Die dienskontrak was egter nie beperk tot ongeskoolde dienste soos in die Romeinse Reg nie. Dit is uitgebrei tot geskoolde dienste. In hierdie verband sê Joubert:<sup>10</sup>

It should be noted, however, that liberal services (*operae liberales*) rendered by professional men, such as advocates and doctors, fall outside the ambit of *locatio conductio operarum* owing to historical reasons stemming from Roman law. *The legal relationship between such professional men and their clients is construed and treated as a contract of mandate.* (my kursivering)

## 2. Die kliënt en ander partye

'n Kliënt se regsverteenvoerders bestaan uit twee takke van die regsprofessie naamlik prokureurs en advokate.<sup>11</sup> In die prokuraat self kan ons twee groepe onderskei wat prokureursdienste vir die kliënt lewer naamlik die plattelandse prokureur (die opdraggewende prokureur) en sy stedelike korrespondent (die opdragnemende prokureur). Daar is gewoonlik ook 'n ander groep in die regsverhouding (*vinculum iuris*) met die kliënt betrokke naamlik die teenparty (die derde party) wat óf die eiser óf verweerder kan wees. In figuur 1 word 'n aanduiding gegee van die verskeidenheid van partye wat regsverhoudings met 'n kliënt kan hê.

Figuur 1 Partye tot 'n lasgewings- en agentskapsoreenkoms

Partye	Lasgewing	Agentskap	Verwysing
1. Plattelandse kliënt (Kliënt)	Lasgewer ("Mandator")	Prinsipaal ("Principal")	Kliënt
2. Plattelandse pro- kureur (opdragge- de prokureur)	Lashebber ("mandatary") Eerste lashebber	Agent ("Agent")	Plattelandse Prok

10 Ibid: 57A-B.

11 In re Rome 1991 3 SA 291 A te 305I-306A en *De Freitas and another v Society of Advocats of Natal and another* ongerapporteerde uitspraak van Hefer Wn HR van die Hoogste Hof van Appèl op 9 Maart 2001 in par 1 van p 2 van sy getikte uitspraak. Sien ook die ouer beslissing van *Beyers v Pretoria Balieraad* 1966 2 SA 593 A te 605.

Partye	Lasgewing	Agentskap	Verwysing
3. Stedelike prokureur (opdragnemende prokureur)	Sub-lashebber ("Sub-mandatary") Tweede lashebber	Sub-agent ("Sub-agent")	Stedelike Prok
4. Advokaat (Hofverteenwoordiger)	Sub-sub-lashebber ("Sub-sub-mandatary") Derde lashebber	Sub-sub-agent ("Sub-sub-agent")	Adv
5. Derde Pary (Teenparty) Eiser/Verweerder	Derde Party (Teenparty) Eiser/Verweerder	Derde Party (Teenparty) Eiser/Verweerder	Derde Party

In hierdie bydrae word daar gekyk na die regsverhoudings tussen die volgende partye:

- Die plattelandse kliënt (Kliënt)
- Sy plattelandse prokureur (Plattelandse Prok)
- Sy stedelike prokureur (Stedelike Prok)
- Sy advokaat (Adv) en
- Die derde party (Derde party)

Eerstens word daar gelet op die regsverhouding tussen die kliënt en sy regsverteenwoordigers.

### 3. Die regsverhouding tussen 'n kliënt en sy regsverteenwoordigers

In Voet 3.3.9 word die aanstelling van 'n prokureur bespreek. Hier word gesê:<sup>12</sup>

For the appointment of an attorney there is need of a mandate, such mandate being either express, conveyed by letter or by messenger or in the deeds registry of the governor and magistrate, or tacit.

Die oorsprong van die term mandaat word soos volg vermeld in Voet 17.1.1:<sup>13</sup>

Mandate is so-called from the giving of the hand, because, as Isidore says "Of old one person would give his hand to another in the closing of a transaction". The hand was the token of good faith; and mandate draws its origin from friendship.

*Mandatum* is gevolglik afgelei van *manum dare* d.w.s. om die hand te gee.

12 Gane 1956 se vertaling volume 1:522.

13 Gane 1956 se vertaling volume 3:191.

In Voet 3.1 word die advokatuur bespreek maar niks kon daarin gevind word wat 'n beskrywing van die verhouding tussen die kliënt en sy advokaat gee nie. Gane het die volgende nota aan die begin van hierdie boek 3 gemaak:<sup>14</sup>

*Postulatio*, which means “pleading in court” or “advocacy”, is the subject of this title. The term *patrocinium* has been generally rendered by the word “patronage”, as that word retains the idea inherent in the Latin word that the advocate’s relation to his client is that of patron or protector.

Die verhouding was tussen 'n bevoorregte en 'n onbevoorregte in die vorm van 'n beskermheer (*patronus*) teenoor 'n onderhorige (*cliens*).

In die bekende beslissing van *Goodricke & Son v Auto Protection Insurance Co*<sup>15</sup> lewer Potgieter AR die eenparige uitspraak van die destydse Appèlhof. Hy sê op 722 G-H:

Mr Shaw correctly, in my view, conceded that the relationship of an attorney and his client is based on *mandatum* with some features which are peculiar to this particular kind of agency.

In die eenparige uitspraak van Van Heerden AR word hierdie siening bevestig in die saak van *Benson and Another v Walters and Others* te 83A:<sup>16</sup>

It is clear that the relationship of an attorney and his client is based on *mandatum*...

Ek meen nie dat daar enige twyfel kan bestaan dat die verhouding tussen die prokureur-en-kliënt op *mandatum* gebaseer is nie.

Vervolgens word daar na die advokaat-en-kliënt verhouding gekyk. Wat die verhouding tussen die kliënt en sy advokaat betref, is die antwoord nie so eenvoudig nie aangesien dit nog die heersende standpunt is dat die advokaat nie direk opdrag van 'n kliënt kan aanvaar nie maar slegs via die kliënt se prokureur.<sup>17</sup> Indien dit aanvaar word dat die advokaat in die gewone loop van sake nie direk opdrag van die kliënt kan ontvang nie maar wel deur middel van die prokureur se brefet is die vraag nog steeds: wat is die verhouding tussen die advokaat en die kliënt? Die vraag is dus: met wie sluit die advokaat 'n kontraktuele ooreenkoms? Is dit met die kliënt of die opdraggewende prokureur of albei?

In *R v Matonsi* sê Schreiner AR op 456 G-H:<sup>18</sup>

---

14 Gane 1956 se vertaling volume 1:496.

15 1968 I SA 717 A.

16 1984 1 SA 73 A.

17 Sien gesag in voetnoot 11. In re Rome te 306 B-D; *De Freitas*-saak par 10 en veral par 16.

18 1958 2 SA 450 A. Sien ook *R v Baartman* 1960 3 SA 535 A te 538A; *Ras v Liquor Licensing Board Area No 11, Kimberley* 1966 2 SA 232 K te 237 E; *S v Naidoo and others* 1974 3 SA 706 A te 712 G en *S v Venter* 1999 2 SASV 231 HHA te 234 d-f.

Although the case was being conducted *pro deo*, i.e. counsel was instructed by the Crown, I assume that in our practice an accused may be allowed to withdraw the mandate given to counsel on his behalf.

Midgley bespreek die verhouding tussen 'n regsgeleerde en die kliënt. Hy sê (op 1):<sup>19</sup>

The popular perception is that a mandate exists between lawyer and client. However, for many years courts failed to appreciate the difference between concepts such as 'mandate' and 'agency' and the confusion is reflected in the cases involving lawyers. It is therefore necessary to determine to what extent the rules of mandate and agency apply to lawyers.

en bevind (op 10):

In all, an attorney is a client's mandatary and agent, and the term 'representative' is an appropriate appellation for a lawyer. However, whether such representative is an empowered or unempowered agent will depend upon the nature of the legal services and the extent of the authorisation.

Midgley kom tot dieselfde gevolgtrekking oor die advokaat-en-kliënt verhouding (op 17):

Thus, although the advocate-client relationship does have some extraordinary facets, mandate and agency principles can be applied without much difficulty to advocates.

Ek meen dat dit met veiligheid aanvaar kan word dat die regsverhouding tussen die kliënt en sy regsverteenwoordigers op lasgewing baseer is. In die volgende afdeling sal ons sekere kernbegrippe bespreek.

#### 4. Kernbegrippe

Met die deurlees van die relevante hofbeslissings en regsliteratuur het daar veral twee regsfigure na vore getree wanneer die regsband tussen 'n kliënt en sy regsverteenwoordigers bespreek word. Hier verwys ek na lasgewing (*mandatum*) en verteenwoordiging (agentskap). Voordat hierdie begrippe omskryf word, is daar sekere elementêre stellings waarvan kennis geneem moet word.

'n Persoon beskik oor handelingsbevoegdheid wanneer hy die kompetensie het om regshandeling te verrig. 'n Regshandeling is 'n regmatige beskikking deur die een party oor sy regte en verpligtinge sowel as die reëling van sy verhouding met 'n ander party. Die regte en verpligtinge word (a) daargestel of (b) gewysig of (c) beëindig. Daar moet ook onderskei word tussen eensydige regshandeling soos die opstel en ondertekening

---

19 Midgley 1994.

van 'n testament of die terugtrede uit 'n kontrak, en 'n meersydige regshandeling soos byvoorbeeld die sluiting van 'n ooreenkoms tussen twee of meer handelingsbevoegde persone.

Soos aangetoon in die inleiding, het die lasgewingsooreenkoms sy ontstaan in die Romeinse Reg gehad en het bestaan uit die aanvaarding van 'n opdrag deur een vriend aan 'n ander vriend met die verdere onderneming deur laasgenoemde om die opdrag gratis uit te voer.<sup>20</sup> Die opdrag kon enige wettige handeling omvat. In die praktyk was die lasgewing egter nie beperk tot die gratis uitvoering van 'n opdrag nie.<sup>21</sup> Lasgewing was oorspronklik gebaseer op die vriend se plig (*officium*) en vriendskap (*amicitia*). Selfs in die Romeins-Hollandse Reg het die lashebber ook onderneem om die opdrag gratis uit te voer. In die praktyk kon daar 'n *honorarium* of *salarium* aan die lashebber betaal word.<sup>22</sup>

'n Lasgewing of mandaat (*mandatum*) is 'n ooreenkoms tussen een party (die lasgewer of *mandator*) en 'n tweede party (die lashebber of *mandatarius*) waarvolgens die lashebber onderneem het om 'n opdrag of 'n regshandeling namens en ten behoeve van die lasgewer uit te voer. Beide die lasgewer en die lashebber verkry kontraktueel sekere regte en verpligtinge wat uit die lasgewingsooreenkoms voortvloei.

Die lashebber tree namens die lasgewer op maar is nie 'n verteenwoordiger (agent) van die lasgewer nie. 'n Mandaat kan wel uit 'n agentskaps-ooreenkoms voortvloei, maar dit is nie 'n vereiste nie. Die regshandeling wat die lashebber moet verrig, is nie 'n agentskapshandeling nie. Die lashebber is nie die verteenwoordiger of agent van die lasgewer nie. Die lashebber kan nie die lasgewer persoonlik bind deur kontraktuele verpligtinge met derdes aan te gaan nie. In so 'n geval is die lashebber nie meer 'n blote *mandatarius* nie maar ook 'n agent. Daar is egter niks wat verhoed dat 'n lashebber ook terselfdertyd aangestel kan word om sekere verteenwoordigingshandelinge uit te voer nie. Dan is die lashebber ook 'n agent wat 'n wyer begrip as 'n lashebber is. Ek is van mening dat 'n lasgewing plus 'n verteenwoordigings-bevoegdheid 'n agentskaps-ooreenkoms daarstel. Dit is in die geval van regsverteenvoerders. 'n Werknemer kan ook 'n agent wees maar dan is dit nie op lasgewing gebaseer nie.

Verteenwoordiging is die regsituasie wanneer 'n verteenwoordiger kragtens 'n magtiging (volmag) 'n regshandeling namens 'n prinsipaal verrig. Verteenwoordiging is dus die optrede van 'n verteenwoordiger namens 'n prinsipaal by die sluiting van 'n regshandeling d.w.s. die daarstelling, wysiging of beëindiging van regte en verpligtinge soos hierbo genoem is. Die verteenwoordiger tree namens die prinsipaal op. Die wilsuiting is die verteenwoordiger sin, maar die regte en verpligtinge word vir die prinsipaal geskep.

---

20 Joubert 1970:12.

21 Sien vorige voetnoot.

22 Joubert 1970:15-16.



'n Magtiging (volmag) is nie 'n ooreenkoms tussen die prinsipaal en die verteenwoordiger nie maar 'n eensydige regshandeling van die prinsipaal. Die prinsipaal gee volmag (“*empowers*”) aan die verteenwoordiger om namens hom op te tree maar terselfdertyd dui hy aan die derde party dat hy gebonde sal wees aan die regshandeling wat die verteenwoordiger namens hom sal aangaan mits dit binne die omvang van sy magtiging is.<sup>23</sup>

By lasgewing word die regte en verpligtinge tussen die lasgewer en die lashebber geskep d.w.s. *inter se*. By verteenwoordiging word die regte en verpligtinge tussen die prinsipaal en die derde partye aangegaan en val die verteenwoordiger dan heeltemal weg. Die verteenwoordiger verkry sy bevoegdheid om regshandeling namens sy prinsipaal te sluit uit krag van 'n volmag, lasgewingskontrak, dienskontrak, estoppel, ratifikasie of regswerking.<sup>24</sup>

Daar moet toegegee word dat met die deurlees van die regsliteratuur oor verteenwoordiging (agentskap) en lasgewing daar al hoe meer onder die indruk gekom is van die babelse spraakverwarring wat daar heers oor sekere kernbegrippe wat noodsaaklik is om die twee regsfigure behoorlik te onderskei. Prinsipaal / lasgewer en agent / lashebber word los en vas en deurmekaar gebruik. Daar kan werklik met die volgende stelling van De Wet saamgestem word:<sup>25</sup>

The expression “agency” is used in such a wide variety of meanings that it cannot be regarded as a term of art denoting a specific branch of law.

## 5. Delegasie van magtiging

Om die regsverhouding tussen die kliënt, sy regsverteenwoordigers en derde partye te kan bepaal, is 'n goeie begrip van die delegasie van magtiging deur 'n lashebber of 'n agent van besondere belang. In hierdie verband wil ek verwys na Joubert & Van Zyl se siening:<sup>26</sup>

In Roman law the mandatary was free to delegate his obligation to perform the mandate. In later legal development the rule evolved that the mandatary should carry out the mandate personally unless the agreement contained an express or tacit term to the contrary. The underlying justification for this rule is that the mandator selects the mandatary because of his skill, expertise and general acceptability. The parties may, however, expressly or tacitly agree that the mandatary may make use of the services of another person, such as an employee or an agent, where it is difficult or inconvenient for the mandatary to perform the mandate himself. In this regard the right to

---

23 De Wet 1993:par 114 p 110. Sien egter die teenoorgestelde mening van Kerr op 6 en 69.

24 Van Jaarsveld e.a. 1978:317.

25 De Wet 1993:par 100 p 97.

26 Joubert en Van Zyl 1999:par 9 op p 10. Sien ook Voet 17.1.5 en 17.1.8.

delegate would be tacitly inferred if the mandate should require services not normally rendered by the mandatary, such as those relating to incidental matters or to matters falling beyond the field of expertise of the mandatary. In addition the mandatary may delegate whenever it is customary to employ the services of an agent or when it is necessary for purposes of executing the mandate.

In die algemeen is dit een van die pligte van 'n lashebber en 'n agent om hul volmag (magtiging) persoonlik uit te voer. Op hul beurt kan hulle nie hul opdrag outomaties aan 'n sub-lashebber of 'n sub-agent oordra nie. Ek herinner aan die *adagium* (regspreek) van die Engelse Reg (nie die Romeinse Reg nie) wat soos volg lui: *delegatus delegare non potest* (of *delegata potestas non potest delegari*) d.w.s. iemand met 'n afgeleide bevoegdheid kan dit nie verder oordra nie, 'n gedelegeerde kan nie verder deleger nie. Hierdie verbod is veral van belang waar die lashebber of agent se persoon van besondere belang vir die lasgewer/prinsipaal is. Met die uitdruklike of stilswyende magtiging van die lasgewer kan die lashebber sy opdrag egter aan 'n sub-lashebber (sub-agent) deleger om dit namens hom uit te voer.

Van besondere belang vir ons besprekingspunt is die regsverhouding wat ontstaan in geval van 'n delegasie. Weereens word na Joubert en Van Zyl verwys:<sup>27</sup>

Whenever a mandatary employs another person to perform a mandate entrusted to him, regard must be had to the nature of the relationship between the various parties. If, for instance, the mandator should authorise the mandatary to appoint another person in his place, a new contract (presumably of mandate) would be concluded between the mandator and such other person, while the contract between the mandator and the initial mandatary would terminate, except in so far as outstanding matters may be concerned. On the other hand, if the mandatary should entrust the performance of the whole or a portion of the mandate to another party in terms of an agreement between himself and such other party, the latter becomes a submandatary. This does not, however, affect the mandatary's liability to the mandator in terms of the original mandate, for example if the submandatary should not perform properly. The mandatary, in turn, may hold the submandatary accountable for defective performance in terms of the submandate.

The principles applying to the appointment of a submandatary correspond with those relating to the delegation of authority by an agent authorised to represent a principal. The authority can be delegated only if it is expressly or tacitly authorised.

Een van die belangrikste beslissings wat oor die *vinculum iuris* (regsband) tussen 'n prinsipaal, 'n agent en 'n sub-agent (en dus ook tussen 'n lasgewer, 'n lashebber en 'n sub-lashebber) gelewer is, is die uitspraak van Steyn R in

---

27 Sien vorige voetnoot.

die saak van *Turkstra v Kaplan*.<sup>28</sup> Steyn R verwerp vroeëre uitsprake dat 'n regsverhouding (“*privity*”) tussen 'n prinsipaal en 'n sub-agent ontstaan bloot weens die feit dat die prinsipaal toestemming aan die agent verleen het om 'n sub-agent aan te stel.<sup>29</sup> Steyn R bevind (op 304 A-E):

Indien Hoofregter De Villiers in *Kennedy v Loynes*, en die skrywers na wie ek verwys het, bedoel dat dit vir die ontstaan van 'n kontraktuele verhouding tussen 'n prinsipaal en 'n sub-agent, met die daaruit voortspruitende rekenpligtigheid, voldoende is dat die prinsipaal die aanstelling van die sub-agent uitdruklik of stilswyend gemagtig het, dan moet ek in alle beskeidenheid daarvan verskil.

Dat ons hier, behalwe waar die sub-agente as *negotiorum gestor* beskou moet word, wat nie ter sprake is nie, met konsensuele verhoudings te doen het, blyk voldoende uit Voet 17.1.8 en Huber *Hedendaegsche Rechtsgeleertheyt*, 3.12.37, om maar twee skrywers te noem, en behoef nouliks enige betoog. Nou kan wel aangeneem word dat 'n lasgewer wat weet dat die uitvoering van sy opdrag die aanstelling van 'n tweede gelastigde vereis, of dat dit handelsgebruik is om een aan te stel, stilswyend toestem dat die eerste gelastigde 'n tweede mag aanstel, maar daar volg nog nie dat hy toegestem het tot 'n aanstelling waardeur hy die lasgewer van die tweede gelastigde word nie. Sy bedoeling, afhangende van die omstandighede, kan net so wel wees dat die aanstelling so moet geskied dat die tweede lasnemer slegs die gelastigde van die eerste is. Sy toestemming is nie vir net 'n enkele betekenis vatbaar nie. En al sou hy ook 'n kontraktuele verhouding tussen homself en die tweede lasnemer beoog, dan moet nog blyk, uit die kontrak tussen sy gemagtigde en die tweede lasnemer dat laasgenoemde hom teenoor die eerste lasgewer verbind, en nie net teenoor sy gemagtigde nie. Eers as dit wel blyk sou daar die nodige regsverhouding (“*privity*”) tussen die prinsipaal en die sub-agent wees.

Hierdie standpunte van Steyn R word as korrek aanvaar deur Van Heerden AR in die saak van *Watson v Sachs and another*<sup>30</sup> te 662B. Van Heerden AR wys daarop dat daar nie slegs een ooreenkoms (d.w.s. tussen prinsipaal en agent) is waaruit die bedoeling tot die skepping van 'n regsverhouding tussen die prinsipaal en sub-agent moet blyk nie, maar wel twee ooreenkomste naamlik:

- Die kontrak tussen die prinsipaal en die agent en
- Die kontrak tussen die agent en die sub-agent.

Die bedoeling tydens die eerste kontrak alleen is nie voldoende nie. Daar moet ook 'n bedoeling met die tweede kontrak wees.

Van Heerden AR bevind verder op 661 E-H:

---

28 1953 2 SA 300 T.

29 Ibid:302G – 303A.

30 1994 3 SA 655 A

Most of the above cases seem to have proceeded from the premise that, where an agent ('an empowered agent') is authorised to appoint a subagent and does so, there is full privity of contract between the principal and the sub-agent. That, in my view, is a wrong premise. It is necessary to draw a distinction between the relationship created by a subagent between the principal and a fourth party, and the relationship between the principal and the sub-agent. When the subagent concludes an authorised agreement with the fourth party, he binds the principal. This is so because he was authorised to enter into such an agreement by the agent, who in turn was authorised by the principal to appoint a subagent. Because of the latter authority an agreement also came into being between the principal and the subagent. Put differently, when appointing the subagent, the empowered agent on behalf of the principal clothed the subagent with authority to bind the principal. Hence the subagent was *vis-à-vis* the principal contractually authorised to conclude an agreement between the principal and the fourth party. But whether full privity of contract was created between the principal and the subagent is another matter.

Hy vervolg dan op 662 G-663B:

From what has been said above it follows that, in order to determine the relationship, if any, between a principal and a subagent, one must look at both the main and the second mandate. As has been pointed out, these may clothe the subagent with authority to bind the principal to a fourth party. Whether they also create full privity of contract between the subagent and the principal, with inter alia the result that the principal may claim moneys received by the subagent from the fourth party as a result of an agreement concluded between the latter and the subagent, acting on behalf of the principal, depends upon the terms of the mandates. So, for instance, the main mandate agreement may provide, expressly or impliedly, that once a second mandate agreement has been concluded the principal will have no cause of action against the agent and will have to recover whatever is due from the subagent. But, even if the main agreement does so provide, the subagent appointed in terms of the second agreement may not be liable to account to the principal. That will depend upon the terms of the second agreement. Hence, if that agreement provides that the subagent must account to the agent, the principal cannot recover from the subagent.

When using the word 'account' in what has been said above, I had in mind an obligation of the agent or subagent to pay over or deliver to the principal the money or goods received from the fourth party in terms of an agreement concluded between him and the empowered subagent on behalf of the principal.

Van Heerden AR sê dan verder op 663 C-E:

At the risk of repetition, it must again be emphasised that even in the absence of full privity of contract a contractual relationship exists between the principal and an empowered subagent. This is created by the authorised appointment of the subagent by the agent. It is this

relationship which empowers the subagent to bind the principal to a fourth party and it may well be that in our law it also gives rise to the fiduciary duty recognised by English law. Its existence does not, however, in itself create a further duty for the subagent to account to the principal in regard to the contractual prestation received from the fourth party. That, as I have been at pains to stress, depends upon the terms of both mandates.

Die beginsels wat betrekking het op die aanstelling van 'n sub-lashebbber deur 'n lashebbber, is dieselfde as die reëls met betrekking tot die delegasie van 'n magtiging deur 'n agent aan 'n sub-agent. Die regsverhouding tussen lasgewer / lashebbber / sub-lashebbber is dus dieselfde as die regsband tussen prinsipaal / agent / sub-agent.

## 6. Die verhouding tussen die lasgewer, die lashebbber en die sub-lashebbber

Na aanleiding van De Villiers and Macintosh<sup>31</sup> en met verwysing na die beslissings van *Turkstra v Kaplan*<sup>32</sup> en *Watson v Sachs and another*<sup>33</sup> kan die volgende samevatting gemaak word (wat vir die lasgewer, lashebbber en sub-lashebbber geld, is ook op die prinsipaal, agent en sub-agent van toepassing):

- 'n Lashebbber is in die algemeen nie geregtig om sy lasgewingspligte te deleger nie, maar moet dit self nakom.
- Die reg tot delegasie moet uitdruklik gemagtig word maar kan ook geïmpliseer word deur die terme van die mandaat of deur die omringende omstandighede.
- Die lasgewer het geen reg van aksie teen die sub-lashebbber nie maar wel teen die lashebbber. Die lashebbber het wel 'n aksie teen die sub-lashebbber. Die sub-lashebbber kan nie die lasgewer aanspreeklik hou vir sy vergoeding nie.
- Die rede hiervoor is omdat die delegasie van die lashebbber aan die sub-lashebbber *per se* geen regsverhouding ("*privity of contract*") tussen die lasgewer en die sub-lashebbber skep nie selfs al was die delegasie voorsien, gebruiklik of selfs noodsaaklik. Die uitdruklike of stilswyende magtiging aan die lashebbber om 'n sub-lashebbber aan te stel, skep ook geen regsverhouding tussen die lasgewer en die sub-lashebbber nie.
- 'n Regsverhouding tussen die lasgewer en die sub-lashebbber kan slegs tot stand kom indien dit beide die lasgewer sowel as die sub-lashebbber se bedoeling was om kontraktueel teenoor mekaar verbind te word.
- Dit is 'n feitelike vraag of die delegasie-bevoegdheid ook 'n magtiging insluit om 'n regsverhouding te skep. Dit kan afgelei word van die terme

---

31 De Villiers and Macintosh 1981:311-313.

32 1953 2 SA 300 T.

33 1994 3 SA 655 A.

van die mandaat, die gebruike en gewoontes (indien enige) wat op soortgelyke gevalle van toepassing is en die omstandighede rondom die verlening en uitvoering van die mandaat.

- Indien 'n regsverhouding tot stand kom, is die lasgewer en sub-lashebbber in werklikheid lasgewer en lashebbber. Die normale regte en verpligtinge van 'n lasgewingsooreenkoms sal dan tussen die twee partye geld. Die sub-lashebbber is dan 'n substituuut en nie 'n sub-lashebbber nie.

Die volgende verdere afleidings kan gemaak word:<sup>34</sup>

- Dit is noodsaaklik dat delegasie van substitusie onderskei word. By delegasie gebruik die lashebbber (agent) 'n ander persoon om die handeling namens hom (lashebbber) te verrig (sub-agent). By 'n substitusie stel die lashebbber 'n gevolmagtigde aan wat namens die lasgewer as sy gevolmagtigde handel (substituut).
- Die feit dat die mandaat die aanstelling van 'n tweede lashebbber vereis of dat dit 'n handelsgebruik is om een aan te stel, beteken nie noodwendig dat die lasgewer toestemming gegee het dat hy die lasgewer van die tweede lashebbber word nie.
- Al sou die Kliënt ook 'n kontraktuele verhouding tussen homself en die tweede lashebbber beoog, dan moet dit nog verder blyk dat die tweede lashebbber hom teenoor die Kliënt verbind en nie net teenoor die eerste lashebbber nie. Eers dan ontstaan die regsverhouding ("*privity*") tussen die Kliënt en substituuut. Dan eers substitueer die Stedelike Prok die Plattelandse Prok as agent. Die verhouding tussen die Kliënt en die Stedelike Prok word dan eers een van prinsipaal en agent.
- Daar bestaan drie vereistes voordat die Stedelike Prok as 'n substituuut van die Plattelandse Prok gesien kan word:
  - Het die agent die bevoegdheid gehad om 'n agentskapssooreenkoms tussen die prinsipaal en die substituuut te sluit.
  - Het die prinsipaal die bedoeling gehad om die substituuut aan te stel.
  - Het die substituuut die bedoeling gehad om as substituuut op te tree.
- In alle ander gevalle sal die Stedelike Prok slegs 'n sub-agent wees (sub-lashebbber) en sal die verhouding van prinsipaal en agent nie tussen hom en die Kliënt ontstaan nie. Die verhouding van prinsipaal en agent sal slegs tussen die Kliënt en die Plattelandse Prok wees.
- Die verhouding van prinsipaal en agent kan slegs tussen die Kliënt en die Stedelike Prok ontstaan indien die Stedelike Prok as 'n substituuut vir die Plattelandse Prok beskou kan word.

---

34 Bobbert 1991:693-694. Toestemming is van die Redakteur van *De Rebus* verkry om gedeeltes van die artikel te gebruik.

Bobbert/Die verhouding tussen 'n kliënt, sy regsverteenwoordigers en derde partye

- Indien die Stedelike Prok as sub-agent van die Plattelandse Prok optree, het hy slegs 'n verhaalsreg teenoor die Plattelandse Prok. Hy kan dan geen aksie teen die Kliënt instel nie en moet aan sy korrespondent verslag doen en nie aan die Kliënt nie.
- Indien die Stedelike Prok as 'n substituuat van die Plattelandse Prok optree, het hy geen verhaalsreg teen die Plattelandse Prok nie maar slegs teen die Kliënt en moet dan ook direk aan die Kliënt verslag doen.
- Die kernvraag wat altyd eerste beantwoord moet word, is die volgende: word die Stedelike Prok as 'n substituuat of as 'n sub-agent beskou? Indien die feite daarop dui dat hy 'n substituuat vir die Plattelandse Prok is, is die verhouding tussen die Kliënt en die Stedelike Prok dié van prinsipaal en agent. Indien daar nie aan die vereistes van substitusie voldoen word nie (soos dit uit die feite van elke saak moet blyk), kan die Stedelike Prok slegs 'n sub-agent van die Plattelandse Prok wees en nooit 'n agent van die Kliënt nie. In die meeste gevalle sal die verhouding tussen die drie partye dus wees: prinsipaal / agent / sub-agent en nie prinsipaal / agent / agent nie.

## 7. Gegewe feitestel<sup>35</sup>

Die Kliënt gee aan sy Plattelandse Prok opdrag om R1 miljoen van 'n Derde Party te vorder. Die gevaar bestaan egter dat die hele eis of 'n gedeelte daarvan verjaar het. Die Kliënt stel geen voorwaardes in sy opdrag nie behalwe dat die nodige regstappe ingestel moet word om die verskuldigde bedrag te vorder. Hy wil net sy geld hê. Die Plattelandse Prok is bewus van die bepaling van die Eenvormige Hofreëls maar verkry nogtans 'n skriftelike prokurasie van die Kliënt om sy bevoegdheid en dié van sy Stedelike Prok, te bevestig indien dit betwis sou word.<sup>36</sup> In die prokurasie word die Plattelandse Prok en die Stedelike Prok gemagtig om dagvaarding in die Hoë Hof (Vrystaat Provinsiale Afdeling) teen die Derde Party uit te reik en alle ander stappe teen hom te neem ten einde die bedrag plus rente plus koste te verhaal.

Die Plattelandse Prok gee opdrag aan sy Stedelike Prok in Bloemfontein om die bedrag van R1 miljoen van die Derde Party te verhaal en alle stappe te neem om die Kliënt se mandaat uit te voer. Die eerste stappe wat die Stedelike Prok neem, is om 'n finale aanmaning aan die Derde Party te stuur en om 'n Advokaat (Adv) te briefeteer vir 'n regsmening oor die moontlike verjaring van die eis. Die Derde Party toon geen reaksie op die aanmaning nie. Die Adv kom tot die gevolgtrekking dat verjaring gestuit is en dat die Kliënt dus 'n geldige eis het. Die Adv se fooie beloop R2,000.

Die Stedelike Prok dagvaar die Derde Party namens die Kliënt vir betaling van die R1 miljoen plus versuimsrente plus koste. Die Derde Party

---

35 Bobbert 1995:715. Toestemming is van die Redakteur van *De Rebus* verkry om dieselfde feitestel in hierdie artikel te gebruik.

36 Reël 7.

teken nie verskyning aan nie. Die Stedelike Prok briefeteer weer dieselfde Adv om te verskyn en vonnis te verkry. Sy rekening beloop R200.

Kort nadat vonnis geneem is, voer die Derde Party 'n onderhoud met die Stedelike Prok. Hy bied aan om die totale verskuldigde bedrag plus rente plus koste in maandelikse paaiemente van R200,000 af te betaal. Die Stedelike Prok dra die aanbod aan die Plattelandse Prok oor. Die Plattelandse Prok bespreek dit met die Kliënt wie instem om die aanbod te aanvaar mits die Kliënt ook die invorderingskoste sal betaal. Intussen het die Stedelike Prok sy rekening sowel as die Plattelandse Prok se rekening laat takseer. Die Derde Party is van die taksasie verwittig maar het dit nie bygewoon nie.

Die Plattelandse Prok verwittig die Stedelike Prok dat die Kliënt bereid is om die aanbod te aanvaar mits die Kliënt die kommissie betaal. Die Stedelike Prok dra dit aan die Derde Party oor wat sy instemming betuig. Die eerste inbetaling van R200,000 word deur die Derde Party aan die Stedelike Prok gemaak. Onmiddelik na die inbetaling en voor die uitbetaling daarvan, gaan die Stedelike Prok egter insolvent. Verder blyk dit ook dat die Adv se twee rekenings van 'n R2,000 en R200 nie deur die Stedelike Prok betaal is nie.

## 8. Die partye se regte en verpligtinge

Daar is drie mandate:

- Die Kliënt se mandaat aan die Plattelandse Prok
- Die Plattelandse Prok se mandaat aan die Stedelike Prok
- Die Stedelike Prok se mandaat aan die Advokaat

en die inhoud van elkeen van die mandate sal bepaal wat die regsverhouding tussen die Kliënt / Plattelandse Prok; Plattelandse Prok / Stedelike Prok; Stedelike Prok / Adv; Kliënt / Stedelike Prok; Kliënt / Adv en Plattelandse Prok / Adv is, indien enige.

Wat is die Derde Party se posisie?

As skuldenaar van die skuldeiser (die Kliënt) is daar 'n regsverhouding tussen die Derde Party en die Kliënt. Die Kliënt kan egter nie die maandelikse betaling van R200,000 direk van die Derde Party eis nie, aangesien die Stedelike Prok as sub-lashebbler 'n skikkingsooreenkoms namens die Kliënt met die Derde Party aangegaan het waarvolgens die betalings by die Stedelike Prok moet geskied. Eers na kansellasie van die ooreenkoms, byvoorbeeld weens wanbetaling, herleef die Kliënt se volle regte en kan hy direkte betaling aan homself eis.

Wat is die Adv se posisie as sub-sub-lashebbler?

Daar kan aanvaar word dat die derde mandaat tussen die Stedelike Prok en die Adv bepaal dat die Stedelike Prok aanspreeklik sal wees vir betaling van die fooie van R2,000 en R200. Die Plattelandse Prok sal geen aanspreeklikheid teenoor die Adv hê nie. Ek ondervind egter probleme om



die Kliënt se moontlike aanspreeklikheid te bepaal. Ek het reeds voorheen melding gemaak van die feit dat die verhouding tussen die Kliënt en sy Adv op lasgewing gebaseer is.<sup>37</sup> Die Adv kan egter geen direkte opdrag van 'n Kliënt aanvaar nie en die Prok (Stedelike of Platteland) moet as 'n tussenganger dien. Die Prok moet die Adv briefeteer.<sup>38</sup> Die verhouding tussen die Kliënt en sy Adv is dieselfde as dié tussen die Kliënt en sy Plattelandse Prok d.w.s. tussen lasgewer (prinsipaal) en lashebber (agent). Indien die Stedelike Prok die brefet aan die Adv besorg, soos dit in die feitestel gebeur het, sal die Stedelike Prok verantwoordelik wees vir die Adv se rekening en wel weens die verhouding tussen sub-lashebber en sub-sub-lashebber. Teenoor die Kliënt sal die Adv egter as 'n lashebber of minstens as 'n mede-lashebber beskou word. Ek meen dus dat die Kliënt mede-aanspreeklik sal wees vir betaling van die Adv se rekening. Ek het aanvanklik gemeen dat die Adv geen eis teen die Kliënt sal hê nie maar het voor die onoorkomelike lasgewingsooreenkoms tussen die Kliënt en die Adv te staan gekom. Die Adv sal dus 'n konkurrente eis teen die Stedelike Prok se boedel hê sowel as 'n eis teen die Kliënt.<sup>39</sup> Die Adv het geen retensiereg nie want hy het die regsmening en brefette aan die Stedelike Prok besorg.

Wat is die Stedelike Prok se posisie as sub-lashebber?

Dit kan aanvaar word dat die tweede mandaat van die Plattelandse Prok aan sy Stedelike Prok (opdragnemende korrespondent) bepaal het dat die Stedelike Prok as sub-lashebber aan die Plattelandse Prok as die lashebber verantwoording moet doen en nie direk aan die Kliënt nie (Argumentsonthalwe word die feit buite rekening gelaat dat die inbetaling van R200,000 in trust geskied het en wel vir krediet van die Kliënt en dat dit as trustgelde beskerm is). Die Kliënt kan in die gewone loop van sake nie die bedrag van R200,000 van die Stedelike Prok se insolvente boedel eis nie. Die eis moet normaalweg deur die Plattelandse Prok ingedien word en hy het slegs 'n konkurrente eis. Die Kliënt kan egter betaling van die Plattelandse Prok eis aangesien die Plattelandse Prok die lashebber van die Kliënt is.

Verder sal die Stedelike Prok se boedel ook aanspreeklik wees vir die betaling van die Adv se fooie van R2,000 en R200. Op sy beurt het die Stedelike Prok se kurator weer 'n eis vir hierdie twee bedrae teen die Plattelandse Prok. Dit is uitgewes wat die Stedelike Prok as sub-lashebber namens die Plattelandse Prok as lashebber aangegaan het en waarvoor die

---

37 Sien voetnote 18 en 19.

38 Sien voetnote 11 en 17.

39 Ek baseer my afleidings slegs op die gemeenregtelike gevolge van mandatum. Ek laat buite rekening of die opdraggewende prokureur moontlik betaling van die advokaat se rekening gewaarborg het en of hy moontlik deur gebruik verantwoordelik gehou kan word vir die betaling daarvan. In hierdie artikel word daar dus nie ingegaan op die uitspraak van Southwood R in die beslissing van *Bertelsman v Per* 1996 2 SA 375 T nie. In hierdie verband kan daar verwys word na Nagel 2000 se bespreking van die prokureur se verantwoordelikheid vir betaling van die advokaat se rekening.

Plattelandse Prok aanspreeklik is. Die Plattelandse Prok kan nie as verweer opwerp dat hy nog nie betaling van sy Kliënt ontvang het nie, want daar is geen regsverhouding tussen die Kliënt en die Stedelike Prok nie. Daar is wel 'n regsband tussen die Stedelike Prok en die Plattelandse Prok, en die Plattelandse Prok is dus aanspreeklik vir die Stedelike Prok se uitgawes en foie.<sup>40</sup>

Wat is die Plattelandse Prok se posisie as lashebber?

Eerstens is die Plattelandse Prok aanspreeklik vir betaling van die Stedelike Prok se uitgawes van R2,000 en R200 en kan hy dit van sy Kliënt verhaal. Tweedens is daar die betaling van R200,000 deur die Derde Party aan die Stedelike Prok ten behoeve van die Kliënt. Volgens die lasgewingsreg kan die Kliënt nie die betaling direk van die insolvente boedel van die Stedelike Prok eis nie (wat normaalweg slegs 'n konkurrente eis is) en moet die Kliënt dit van sy lashebber die Plattelandse Prok verhaal. Die Plattelandse Prok sou dit dan van die Stedelike Prok moes verhaal. Die Kliënt se eis is dus teen die Plattelandse Prok as lashebber en die Plattelandse Prok se eis is teen die Stedelike Prok as sub-lashebber.

Die aandag word net weer daarop gevestig dat daar ander beginsels van toepassing is in die geval van die inbetaling van trustgelde. Verder is dit ook moontlik dat die Getrouheidsfonds vir Prokureurs 'n rol mag speel. Dit is egter nie die bedoeling om hierdie twee aspekte in hierdie bydrae te bespreek nie.

Wat is die posisie van die Kliënt as lasgewer?

Uit die bespreking van die finansiële verpligtinge van die Plattelandse Prok (lashebber), die Stedelike Prok (sub-lashebber), die Adv (sub-sub-lashebber) en die skuldenaar (die Derde Party) het die regte en verpligtinge van die Kliënt reeds na vore getree. Volgens die drie mandate is daar slegs

---

40 In hierdie artikel word nie ingegaan op die reëls en regulasies van die verskillende provinsiale Prokureursordes en hul bepalinge oor die betaling van die opdragnemende prokureur se rekening deur die opdraggewende prokureur nie. Normaalweg sal die onredelike versuim deur die Plattelandse Prok as wangedrag beskou word. Sien byvoorbeeld reël 17(32) van die Vrystaatse Reëls. Wanbetaling van 'n korrespondent se rekening is onprofessionele gedrag met alles wat dit behels.

Nota: Sedert die skryf van hierdie bydrae, is die beslissing van *Hlobo v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 2001 2 SA 59 (HHA) gepubliseer. Plewman AR lewer die eenparige uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl. Hy sê op 65 C-E:

“What is more, in this country (as in England) the conduct of a party's case at the trial of an action is in the entire control of the party's counsel. *Counsel has authority to compromise the action or any matter in it unless he has received instructions to the contrary.* In England his apparent authority to compromise cannot be limited by instructions unknown to the other party ... Counsel's general authority in South Africa is similar ... *At the stages prior to the assumption of control by counsel the attorney of record stands in the same position.*”

(My kursivering. Ek het die bronne verwysings weggelaat).

Bobbert/Die verhouding tussen 'n kliënt, sy regsverteenwoordigers en derde partye

'n regsverhouding tussen die Kliënt as lasgewer en die Plattelandse Prok as lashebber. Die drie mandate maak nie voorsiening vir enige ander regsverhoudings van die Kliënt nie. Die Kliënt se verhouding met die Adv is egter sui generis en kan as 'n uitsonderingsgeval beskou word. Die Adv sou in die normale loop van sake slegs 'n sub-sub-lashebber gewees het maar weens historiese redes is die Adv ook 'n lashebber van die Kliënt. Die Adv moet dus as 'n mede-lashebber beskou word van die Kliënt van wie hy nie direk opdrag ontvang het nie.

Die Kliënt is wel gebonde aan die ander twee lasgewings maar sy regte en verpligtinge geld slegs teenoor sy lashebber die Plattelandse Prok. Die enigste uitsondering is die betaling van die R200,000 as trustgelde wat nie nou behandel word nie.

Die Kliënt is dus teenoor die Plattelandse Prok gebonde om die Adv se honorarium van R2,000 en R200 te betaal. Of die eis ooit ingestel sal word, is hoogs twyfelagtig weens die bepalings van die Baliereëls waarop nie ingegaan word nie. Die Kliënt het geen aanspreeklikheid hieromtrent teenoor die Stedelike Prok nie. Die Stedelike Prok sal in die eerste instansie hiervoor verantwoordelik wees en wel omdat hy opdrag aan die Adv gegee het d.w.s. as sub-lashebber teenoor sub-sub-lashebber.

Die Kliënt het nie die reg om 'n direkte betaling van die maandelikse betaling van R200,000 van sy skuldenaar die Derde Party te eis nie. Gedurende die bestaan van die afbetalingsooreenkoms moet die betaling by die Stedelike Prok geskied. Die Kliënt kan ook nie die betaling van die Stedelike Prok eis nie want die bepalings van die eerste en die tweede *mandatum* het nie hiervoor voorsiening gemaak nie. Daar is geen *vinculum iuris* tussen die Kliënt en die Stedelike Prok nie maar wel tussen die Plattelandse Prok en die Stedelike Prok. Dus moet die Stedelike Prok aan die Plattelandse Prok verantwoording doen en die Plattelandse Prok aan die Kliënt. Die Plattelandse Prok kan dit namens sy Kliënt van die Stedelike Prok eis. Op sy beurt kan die Kliënt weer die betaling van die Plattelandse Prok eis want daar is 'n regsverhouding tussen hulle.

Die Derde Party is natuurlik ook aanspreeklik vir betaling van die Kliënt se versuimsrente sowel as sy getakseerde regskoste wat die Adv se foie sal insluit. Dit is in terme van die hofbevel wat verkry is. Die afbetalingsooreenkoms het egter bepaal dat dit ingesluit sal wees in die maandelikse betalings van R200,000. Normaalweg sal die geregtelike kostes eerste hierteen in verrekening gebring word en daarna die versuimsrente min natuurlik die invorderings-kommissie wat ook ooreengekome foie is.

## 9. Samevatting

Twee regsfigure naamluk lasgewing en verteenwoordiging is aangewend om die *vinculum iuris* tussen die kliënt, sy regsverteenwoordigers en derde partye te bespreek en te verduidelik. Gewoontes en gebruike is buite rekening gelaat. Die verhouding tussen 'n kliënt en sy prokureur sowel as advokaat word op lasgewing baseer. Dit gebeur egter heel dikwels dat die

regsverteenwoordigers ook die bevoegdheid verkry om die kliënt te verteenwoordig teenoor derdes. Dan vervul die regsverteenwoordigers (die naam is besonder gepas) ook die rol van 'n agent van die kliënt. Dit word dan ook tereg vermeld dat die regsverhouding op *mandatum* gebaseer is met sekere kenmerke wat eie is aan hierdie besondere vorm van agentskap. Alles wentel om die delegasie van die magtiging deur die prokureur. Met die uitdruklike of stilswyende magtiging van die kliënt kan die prokureur sy opdrag delegeer aan 'n mede-prokureur (d.w.s. 'n korrespondent) of aan 'n advokaat. Met die delegasie (in teenstelling met substitusie) kom daar geen regsverhouding ("*privity*") tussen die kliënt en die sub-lashebber tot stand nie tensy dit die bedoeling van beide die kliënt en die sub-lashebber is, wat gewoonlik nooit die geval is nie. Die sub-lashebber is aan die lashebber verantwoordelik en die lashebber aan die lasgewer (die kliënt). In die geval van die advokaat is dit ook die posisie met die uitsondering dat die verhouding tussen die kliënt en sy advokaat wat sy opdrag via die prokureur se brevet ontvang het, ook op lasgewing baseer is. Dit is vanweë historiese gronde. Teoreties het 'n advokaat 'n reg van aksie vir betaling van sy *honorarium* teenoor die lashebber-prokureur sowel as die kliënt wat ook as die advokaat se kliënt beskou word d.w.s. 'n mede-lashebber advokaat.

Ten slotte sal dit gepas wees om af te sluit met 'n aanhaling uit Ulric Huber se *Heedensdaegse Rechtsgeleertheit* 3.12.37:<sup>41</sup>

*He who has a mandate may substitute another, or carry out his mandate through another, if only the principal suffers no detriment thereby; and when that happens, the principal must bring his action on the mandate against his own proxy, and not against a third party, nor even against the substitute in so far as he has carried out the mandate of the proxy, since this substitute, not having dealt with the principal, cannot be sued at his instance, but only by the proxy who gave him the mandate; so that if the proxy has wronged his principals by that substitution, they would have to institute their action thereanent against the proxy to whom they gave their confidence. (My kursivering)*

---

41 Gane se vertaling getiteld *The Jurisprudence of my time* van die vyfde uitgawe van *Heedensdaegse Rechtsgeleertheit*. (sien volume 1 p 463). Boek 3 het betrekking op Regte *in personam* en kontrakte. Hoofstuk 12 daarvan is getiteld: *Of agency or mandate*. Ook hier word die twee begrippe foutiewelik as sinoniem beskou.

## Bibliografie

### BOBBERT MCJ

1991. Die verhouding tussen die opdragnemende korrespondent (stedelike prokureur), die opdraggewende korrespondent (platte-landse prokureur) en die kliënt. Praktyksnota in *De Rebus* Oktober 1991:693-694.

1993. Die prokureur se verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor sy kliënt en derdes. *De Rebus* September 1993:759-762.

1995. Lasgewing. Die regsverhouding tussen die kliënt, sy prokureur, die opdragnemende korrespondent en die advokaat. *De Rebus* November 1995:715-717.

1996. Betaling van advokaatsgelde. Brief in *De Rebus* Februarie 1996:70-71.

1997. Advocates barred from direct instructions. 'n Saakbespreking in *De Rebus* Desember 1997:804-807.

### CHRISTIE RC

1996. *The Law of Contract in South Africa*. 3de uitg. Durban: Butterworths.

### DE VILLIERS JE EN MACINTOSH JC

1981. *The law of agency in South Africa*. (3de uitg. deur Silke JM). Kaapstad: Juta & Kie.

### DE WET JC (HERSIEN DEUR DU PLESSIS AG)

1993. Agency and representation. *LAWSA* Vol 1 (1ste heruitg). Durban: Butterworths.

### DE WET JC EN VAN WYK AH

1992. *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg*. 5de uitg. Vol 1: Kontraktereg. Durban: Butterworths.

### DU PLESSIS LM (IN MEDEWERKING MET DU PLESSIS AG)

1990. *Inleiding tot die reg*. Kaapstad: Juta & Kie.

### HAHLO HR EN KAHN E

1960. *The Union of South Africa. The development of its laws and Constitution*. Cape Town: Juta & Co.

### HOSTEN WJ (HERSIEN DEUR SCHOE- MAN E)

1994. Custom and usage. *LAWSA*: Vol 5 band 2 (1ste heruitg.). Durban: Butterworths.

### HUTCHINSON D EN ANDERE

1991. *Wille's Principles of South African Law*. 8ste uitg. Kaapstad: Juta & Kie.

### JOUBERT DJ

1970. Die kontraktuele verhouding tussen professionele man en kliënt. *Acta Juridica* 9-29.

### JOUBERT DJ EN VAN ZYL DH (HERSIEN DEUR VAN ZYL DH)

1999. Mandate and Negotiorum Gestio. *LAWSA*: Vol 17 (1ste heruitg). Durban: Butterworths.

### KERR AJ

1991. *The Law of Agency*. 3de uitg. Durban: Butterworths.

### MELLET HF

1999. Attorneys, Notaries and Conveyancers. *LAWSA*: Vol 14 (1ste heruitg). sv Legal Practitioners. Durban: Butterworths.

### MIDGLEY JR

1994. *Lawyers' Professional Liability*. Kaapstad: Juta & Kie.

1996. Lawyers' professional liability: should special principles apply? Referaat gelewer tydens 'n seminar aangebied deur die Departement Privaatreg van die Universiteit van Suid-Afrika te Pretoria op 15 Maart 1996.

**NAGEL CJ**

2000. Is an attorney liable as a matter of law for the fees of an advocate briefed by him? Aantekening in 2000 (63) *THRHR*:282-288.

**RICHTER A**

1979. Enkele aspekte van die prokureur-en-kliënt verhouding en die skending daarvan deur die prokureur. 'n Ongepubliseerde LLB-verhandeling. Bloemfontein: UOVS.

**SHARROCK R**

1998. *Business Transactions Law*. 5de Uitg. Kaapstad: Juta & Kie.

**SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE**

1979. Beperking van die siviele aanspreeklikheid van beroepslui. Werkstuk 51, projek 70.

**VAN DER MERWE P (red)**

1995. Legal liability of attorneys for advocates' fees. *De Rebus* November 1995:685.

**VAN DIJKHORST K**

1999. Advocates. *LAWSA*: Vol 14. (1ste heruitg.). sv Legal Practitioners. Durban: Butterworths.

**VAN JAARVELD SR & ANDERE**

1999. *Kompendium van Arbeidsreg* 3de uitg. Durban: Butterworths.

**VAN ZYL DH**

1977. *Geskiedenis en beginsels van die Romeinse Privaatreg*. Durban: Butterworths.

**VISSER C EN ANDERE**

1997. *Gibson South African Mercantile and Company Law*. 7de uitg. Kaapstad: Juta & Kie.

**VOET J (VERTALING VAN GANE)**

1956. *The Selective Voet being the Commentary on the Pandects*. (Paris Edition of 1829). Vol 3: 17.1.5-8. Durban: Butterworth & Co (Africa) Ltd.